**Woensdag 3 Februarie**

**Skrifgedeelte: Matteus 5:21-26; HK Sondag 5, Antwoord 12**
**Fokusgedeelte: Matteus 5:26**

## God eis dat ons ons skuld moet betaal

Hoewel Christus in Matteus 5:26 ’n beeld gebruik wat normaalweg op menslike verhoudings van toepassing is, pas Hy dit hier toe op die verhouding waarin die sondige mens tot God staan. Dan is dit duidelik dat die mens as skuldige voor God staan. Dit is die ontsettende nood waarin die mens verkeer. Hoewel hy berou oor sy sonde moet hê, is berou nie genoeg nie. Geen trane, selfverwyt of selfkastyding van die mens kan herstel of regmaak wat hy deur sy sonde verbrou of verwoes het nie. Daar kan alleen van herstel en versoening sprake wees as daar aan die geregtigheid van God voldoen word en vir die skuld teenoor Hom tot die laaste sent betaal word.

Die mens smeek om genade, maar die geregtigheid van God eis voldoening, selfs volkome voldoening. Daar moet ’n losprys betaal word om te vergoed vir die mens se oortreding. Dan moet dit egter ’n losprys wees wat vir God aanvaarbaar is.

In die wet van Moses (Eks. 21:28-32) word voorgeskryf dat die een teenoor wie ’n persoon hom skuldig gemaak het, moet bepaal hoe groot die losprys moet wees (vgl. 2 Feb.). So bepaal God, teen Wie ons gesondig het, wat die omvang en inhoud van die losprys sal wees.

Wat is die losprys? Ons belydenis stel dit duidelik: Aan die geregtigheid van God moet voldoen word. Dit beteken dat die gekrenkte reg van God herstel moet word deurdat vir die begane oortredings betaal word. Die Here sê immers in woorde wat nie vir misverstand vasbaar is nie: *“Elke mens sal oor sy eie sonde sterf: wie groen druiwe eet, se tande sal stomp word”* (Jer. 31:30). En ook elders: *“Dit is die mens wat sondig wat sal sterf”* (Eseg. 18:4).

Dit is harde uitsprake, want dit beteken dat die mens die toorn van God oor al sy sonde moet dra – en hy kan nie. Daarom wag op hom die ewige straf. Dit is verpletterend om te hoor vir die sondaar wat met leë hande – erger nog: met skuldige hande – voor God staan.

By die aanhoor hiervan kan die kind van God maar net in dankbaarheid juig en jubel: Hoe groot is God se liefde en ontferming nie, dat Hy in Christus vir ten dode gedoemde mense redding bewerk het! Hy het volkome versoening gedoen vir al ons sondes (Rom. 5:10; 2 Kor. 5:18-20).